

**Voorleser:** 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Johannes

By die kruis van Jesus het sy moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en ook Maria Magdalena gestaan. Toe Jesus sy moeder sien, asook die dissipel vir wie Hy lief was wat by haar staan, sê Hy vir sy moeder: "Vrou, kyk, daar is u seun!" Daarna sê Hy vir die dissipel: "Kyk, daar is jou moeder!" En van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem. *(Johannes 19:25-27, DV)*

### DERTIENDE STASIE

#### JESUS STERF AAN DIE KRUIS

**Voorganger:** Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,

**Almal:** want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

**Voorleser:** 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Lukas

Dit was ongeveer die sesde uur en duisternis het oor die hele land toegesak tot die negende uur. Die son is verduister en die voorhangsel van die heiligdom is middeldeur geskeur. Met 'n harde stem het Jesus uitgeroep: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor! Nadat Hy dit gesê het, het Hy sy asem uitgeblaas. *(Lukas 23:44-46, DV)*

### VEERTIENDE STASIE

#### JESUS WORD IN DIE GRAF NEERGELÊ.

**Voorganger:** Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,

**Almal:** want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

**Voorleser:** 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Mattheus

"By die plek waar Hy gekruisig is, was daar 'n tuin, en in die tuin 'n nuwe graf, waarin niemand nog ooit neergelê is nie. Daar het hulle Jesus toe neergelê, omdat dit die Voorbereidingsdag van die Jode was, en aangesien die graf daar naby was. *(Mattheus 27:57-60, DV)*

## DIE BYBELSE KRUISWEG

### DEUR HEILIGE POUS JOHANNES PAULUS II



## TIENDE STASIE

### JESUS WORD GEKRUISIG

**Voorganger:** Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,

**Almal:** want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

**Voorleser:** 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Lukas

Toe hulle by die plek kom wat Kopbeen genoem word, het hulle Hom daar gekruisig, so ook die misdadigers, een aan sy regterhand en een aan sy linkerhand. Toe sê Jesus: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie. (*Lukas 23:33-34, DV*)

## ELFDE STASIE

### JESUS BELOOF SY KONINKRYK AAN DIE BEROUWOLLE DIEF

**Voorganger:** Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,

**Almal:** want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

**Voorleser:** 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Lukas

Een van die misdadigers wat daar gehang het, het Hom aanhoudend gelaster en gesê: "Jy is mos die Christus, of hoe? Red jouself én ons!" Die ander een het hom egter bestraf en gesê: "Het jy nie ontsag vir God nie? Jy ondergaan per slot van sake dieselfde straf! In ons geval is dit regverdig, ons word tereg gestraf vir wat ons gedoen het. Maar hierdie man het niks verkeers gedoen nie. Hy sê toe: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom." Jesus het hom geantwoord:" Amen, Ek sê vir jou: Jy sal vandag nog saam met My in die paradys wees. (*Lukas 23:39-43, DV*)

## TWAALFDE STASIE

### JESUS PRAAT MET SY MOEDER EN DIE DISSIPEL VIR WIE HY LIEF WAS

**Voorganger:** Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,

**Almal:** want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

Hom aan hulle uit om gekruisig te word. En hulle het Jesus weggelei. Jesus het self die kruis gedra en het uitgegaan na die sogenaamde ‘Kopbeenplek’, in Hebreeus Golgota genoem. (*Johannes 19:6, 15-17, DV*)

## AGSTE STASIE

### JESUS WORD DEUR SIMON VAN CIRÉNE GEHELP OM SY KRUIS TE DRA

**Voorganger:** Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,

**Almal:** want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

**Voorleser:** ‘n Voorlesing uit die Evangelie volgens Markus

Hulle het ‘n verbyganger, ‘n sekere Simon van Ciréne wat van die platteland gekom het, die pa van Aleksander en Rufus, gedwing om sy kruis te dra “ (*Markus 15:21, DV*)

## NEGENDE STASIE

### JESUS ONTMOET DIE WENENDE VROUE VAN JERUSALEM

**Voorganger:** Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,

**Almal:** want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

**Voorleser:** ‘n Voorlesing uit die Evangelie volgens Lukas

‘n Groot menigte van die volk het Hom gevolg, en ook vroue wat aanhoudend op hulle bors slaan en oor Hom weeklaag. Jesus het na hulle toe gedraai en gesê: "Dogters van Jerusalem, moenie oor My huil nie. Huil liever oor julleself en oor julle kinders, want kyk, daar kom dae wanneer mense sal sê, ‘Geseënd is diegene wat onvrugbaar is en die moederskoot wat nie ‘n kind in die wêreld gebring het nie en die borste wat nie kinders gevoed het nie.’ “Dan sal hulle aan die berge begin sê, “Val op ons! En aan die heuwels, ‘Bedek ons!’ “Want as hulle dit aan die groen hout doen, wat sal nie met die droë hout gebeur nie? (*Lukas 23:27-31, DV*)

© DIE ORATORIUM UITGEWERY™

‘n Afdeling van die Kongregasie van die Oratorium van St. Filip Neri in Oudtshoorn, ‘n Geregistreerde Openbare Weldaadsorganisasie: Registrasie nommer 93/0000/036

Posbus 407, Oudtshoorn, 6620

Tel: (044) 203 9600 | Faks: (044) 272 0822

Publikasies van DIE ORATORIUM UITGEWERY™ verwoord die geloof, leerstellings en die lewe van die Katolieke Kerk. Dit is onder andere gebaseer op die Heilige Skrif, die dokumente van die Tweede Vatikaanse Konsilie en die Universele Kategismus van die Katolieke Kerk.

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlov van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring en –ontsluiting.

Uitleg, tipografie en setwerk: DIE ORATORIUM UITGEWERY™

## ERKENNING

© Aanhalings uit die Bybel in Afrikaans (1953-vertaling): Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Waar dié vertaling gebruik is, word dit aangedui deur (OV).

© Aanhalings uit die Bybel in Afrikaans (1983-vertaling) met verlov van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Waar dié vertaling gebruik is, word dit aangedui deur (NV).

© Aanhalings uit die Bybel (2020-vertaling) met verlov van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Waar dié vertaling gebruik is, word dit aangedui deur (DV).



# DIE BYBELSE KRUISWEG

## DEUR HEILIGE POU S JOHANNES PAULUS II

vra Hom toe weer: "Antwoord jy niks nie? Kyk hoeveel beskuldigings bring hulle teen jou in!" Maar Jesus het steeds niks geantwoord nie, sodat Pilatus verwonderd was ... Pilatus wou die skare tevrede stel en het Barabbas vir hulle vrygelaat. Maar Jesus het hy oorgelewer om gekruisig te word. (*Markus 15:1-5, 15 DV*)

### SESDE STASIE

#### JESUS WORD GEGESEL EN MET DORINGS GEKROON

**Voorganger:** Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,

**Almal:** want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

**Voorleser:** 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Johannes

Toe het Pilatus Jesus geneem en Hom laat gesel. Die soldate het 'n kroon van doringtakkies gevleg en dit op sy kop gesit. Hulle het ook 'n purperrooi mantel vir Hom omgehang en na Hom gegaan en gesê: "Gegroet, koning van die Jode!" En hulle het Hom herhaaldelik geklap. (*Johannes 19:1-3, DV*)

### SEWENDE STASIE

#### JESUS DRA DIE KRUIS

**Voorganger:** Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,

**Almal:** want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

**Voorleser:** 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Johannes

Toe die leierpriesters en die tempelwagte Hom sien, het hulle geskreeu: "Kruisig, kruisig!" Pilatus het vir hulle gesê: "Wat julle hom en kruisig hom, want ek vind geen skuld in hom nie." Toe sê Pilatus vir die Jode: "Kyk, daar is julle koning!" Hulle het egter geskreeu: "Wat weg! Wat weg! Kruisig hom!" Pilatus sê vir hulle: "Moet ek julle koning kruisig?" Die leierpriesters het geantwoord: "Ons het nie 'n koning nie, slegs die keiser." Toe lewer hy

## VIERDE STASIE

### JESUS WORD DEUR PETRUS VERLOËN

**Voorganger:** Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,

**Almal:** want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

**Voorleser:** 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Mattheus

Petrus het buite gesit in die binnehof. 'n Sekere diensmeisie het na hom gekom en gesê: "Jy was ook saam met Jesus die Galileër." Hy het dit egter voor almal ontken: "Ek weet nie waarvan jy praat nie." En 'n ander diensmeisie het hom na die poort sien loop, en sê toe vir die mense daar: "Hierdie man was saam met Jesus die Nasarener." Weer het hy dit ontken, met 'n eed: "Ek ken die man nie." Ná 'n rukkie het die omstanders nader gekom en vir Petrus gesê: "Jy is beslis ook een van hulle; trouens, jou uitspraak verklap jou" Daarop begin hy vloek en sweer: "Ek ken die man nie!" En onmiddellik het 'n haan gekraai. Toe het Petrus die woorde wat Jesus gesê het, onthou: "Voordat 'n haan kraai, sal jy My drie maal verloën." En hy het na buite gegaan en bitterlik geween. *(Mattheus 26:69-75, DV)*

## VYFDE STASIE

### JESUS WORD DEUR PONTIUS PILATUS VEROORDEEL

**Voorganger:** Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,

**Almal:** want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

**Voorleser:** 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Markus

En dadelik, vroeg die oggend, het die leierpriesters met die familiehoofde, skrifkenners en die hele Sanhedrin, 'n plan beraam. Hulle het Jesus geboei, weggeneem en aan Pilatus oorgelewer. Pilatus vra Hom toe: "Is jy die koning van die Jode?" Hy antwoord hom: "U sê dit." Die leierpriesters het Hom van baie dinge beskuldig. Pilatus

# DIE BYBELSE KRUISWEG MET HEILIGE POUS JOHANNES PAULUS II

## AGTERGROND VAN DIE BYBELSE KRUISWEG

<i>EERSTE STASIE</i>	JESUS IN DIE TUIN VAN GETSEMANE
<i>TWEEDE STASIE</i>	JESUS WORD DEUR JUDAS VERRAAI EN GEVANGE GENEEM
<i>DERDE STASIE</i>	JESUS VOOR DIE SANHEDRIN
<i>VIERDE STASIE</i>	JESUS WORD DEUR PETRUS VERLOËN
<i>VYFDE STASIE</i>	JESUS WORD DEUR PONTIUS PILATUS VEROORDEEL
<i>SESDE STASIE</i>	JESUS WORD GEGESEL EN MET DORINGS GEKROON
<i>SEWENDE STASIE</i>	JESUS DRA DIE KRUIS
<i>AGSTE STASIE</i>	JESUS WORD DEUR SIMON VAN CIRÉNE GEHELP OM SY KRUIS TE DRA
<i>NEGENDE STASIE</i>	JESUS ONTMOET DIE WENENDE VROUE VAN JERUSALEM
<i>TIENDE STASIE</i>	JESUS WORD GEKRUISIG
<i>ELFDE STASIE</i>	JESUS BELOOF SY KONINKRYK AAN DIE BEROUVOLLE DIEF
<i>TWAALFDE STASIE</i>	JESUS PRAAT MET SY MOEDER EN DIE DISSIPEL VIR WIE HY LIEF WAS
<i>DERTIENDE STASIE</i>	JESUS STERF AAN DIE KRUIS
<i>VEERTIENDE STASIE</i>	JESUS WORD IN DIE GRAF NEERGELÊ

## AGTERGROND VAN DIE BYBELSE KRUISWEG

Die Bybelse Kruisweg oftewel die Kruisweg volgens die Heilige Skrif is 'n weergawe van die tradisionele Kruisweg wat deur die heilige pous Johannes Paulus II op Goeie Vrydag 1991 in gebruik geneem is. Daarna sou hy meerdere male dié weergawe op Goeie Vrydag in die Kolosseum in Rome gebruik. Dit was geensins sy bedoeling om die tradisionele Kruisweg (waarvan daar in elk geval verskillende vorme bestaan) ongeldig te maak of af te skaf nie. Hy wou met dié Kruisweg ons begrip van Jesus se Lydensweg verdiep en ons nog meer fasette van die Here se Passie gee om oor na te dink.

## EERSTE STASIE

### JESUS IN DIE TUIN VAN GETSEMANE

**Voorganger:** Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,

**Almal:** want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

**Voorleser:** 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Matteus

Toe gaan Jesus saam met hulle na 'n plek wat Getsemane genoem word, en Hy sê vir die dissipels: "Bly hier sit totdat Ek klaar gaan bid het." Hy neem toe vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saam, en Hy het bedroef en beangs begin word. Toe sê Hy vir hulle: "My siel is diep bedroef, tot die dood toe. Bly hier en waak saam met My." Hy het toe 'n entjie verder gegaan en op sy gesig neergeval, terwyl Hy bid: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan. Nogtans, nie soos Ek wil nie, maar soos U wil." Hy kom toe by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: "Was julle dan nie in staat om een uur lank saam met My te waak nie? Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak." (*Mattheus 26:36-41, DV*)

## TWEEDE STASIE

### JESUS WORD DEUR JUDAS VERRAAI EN GEVANGE GENEEM

**Voorganger:** Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,

**Almal:** want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

**Voorleser:** 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Markus

En dadelik, terwyl Jesus nog praat, daag Judas, een van die twaalf, daar op. En saam met hom was daar 'n menigte, met swaarde en knuppels, gestuur deur die leierpriesters, skrifkenners en familiehoofde. Sy verraaier het vir hulle 'n teken gegee: "Die een wat ek soen, dit is hy. Gryp hom en vat hom weg onder bewaking." Toe Judas daar aankom, het hy dadelik na Jesus gegaan en gesê: "Rabbi" en Hom gesoen. Hulle het Hom gegryp en Hom gevange geneem. (*Markus 14:43-46, DV*)

## DERDE STASIE

### JESUS VOOR DIE SANHEDRIN

**Voorganger:** Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,

**Almal:** want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

**Voorleser:** 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Lukas

Teen dagbreek het die Raad van Familiehoofde byeengekom, die leierpriesters en skrifkenners, en hulle het Hom na hulle Sanhedrin weggelei. Hulle het gesê: "As jy die Christus is, sê vir ons." Maar Hy sê vir hulle: "As Ek dit vir julle sê, sal julle My beslis nie glo nie. En as Ek 'n vraag vra, sal julle beslis nie antwoord nie. Maar van nou af sal die Seun van die Mens aan die regterhand van God die Magtige sit." Toe vra hulle almal: "Is jy dus die Seun van God?" En Hy antwoord hulle: "Dit is julle wat sê dat Ek is." Daarop sê hulle: "Waarom het ons enige verdere getuienis nodig? Want ons het dit self uit sy mond gehoor." (*Lukas 22:66-71, DV*)